


# KOERSVAS

Jaargang 2    Uitgawe 39    9 Mei 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Politieke besluite

Die een verwyf wat sonder huiwering in die GHG se rigting geslinger word, is dat die GHG weens politiek besluit het om hulself af te sonder van die NHKA. Die NHKA wil hierdie afsondering omskep na 'n afskeiding en daarmee saam ons ook van kerkskeuring beskuldig.

Die aanklag van kerkskeuring weens politiek is 'n ernstige een. GHG volstaan met die versekering dat die afsondering 'n noodsaaklike teologiese maatreël is om te verseker dat die politieke gedrewe bevrydingsteologie van die NHKA-vrysinnes nie almal negatief beïnvloed nie.

Die vraag is of dit moontlik is om jousef om teologiese redes van 'n besluit te distansieer indien die **besluit politiek** is. GHG glo so en stel ook onomwonde dat die **NHKA se 69e AKV se aanvaarding van beskrywingspunt 54** wat apartheid tot sonde verklaar, **om politieke redes** geneem is. Die besluit is geneem om in lyn te kom met die WCRC (*World Communion of Reformed Churches*) en die WRK (*Wêreldraad van Kerke / WCC*

*World Council of Churches*). Dat die NHKA-leiding kop in een mus is met die WRK word bewys deur die teenwoordigheid van NHKA dosente by die WRK se beleidmaak vergadering.

Enige NHKA ampsdraer wat ander vermakerig spot oor die verwarring tussen WRK en WCRC moet kennis neem van die bande wat daar reeds bestaan. Die WRK is en was intens met politiek gemoeid en stel hul aktiwiteite so bekend: *"All activities of the WCC are rooted in a threefold vision for transformation of the church and world. This vision is to live out Christian unity more fully, live as churches being neighbours to all while addressing threats to the human community and encouraging churches to take greater care of creation through protection of the earth and its people."*

Een van die sake wat hoog op die lys van die WRK was, is sogenaamde rassisme. *"It was this workshop, attended by ANC leader Oliver Tambo and anti-apartheid activist Bishop Trevor Huddleston, that launched the Programme to Combat Racism. The Programme's grants to liberation movements, which began in 1970, stirred up a storm of controversy in churches in South Africa and in some Western churches, but were strongly*

reaffirmed by African churches and by leading U.S. and European denominations.” Die finansiering van terroriste (grants to liberation movements) word as ‘n natuurlike gebeurtenis beskryf. Die WRK se politieke inmenging het selfs betaal vir die bomme waarmee ons geliefdes vermoor is.

Die WRK se verstaan van lidlande se geskiedenis is uniek. Die RSA se geskiedenis word so opgesom deur die WRK: “*The original inhabitants of South Africa were the Khoikhoi, later joined by Bantu groups migrating from the north. In 1652 the Dutch settled in the Cape, and slowly extended into the interior. The Boers, as they were called, fought the Africans until they were themselves defeated in 1902 by the British, who established the self-governing Union of South Africa. In 1948 the Nationalist Party of the Afrikaners (Boers), came into power and put in place the racist apartheid regime, based on total, legalized separation of the whites, blacks, coloured and the small Indian population. The white Reformed churches provided the theological justification of the system. They withdrew from the WCC in 1961. The African National Congress, formed in 1912, became the opponent of apartheid, later followed by other movements. The struggle against apartheid is marked by the Sharpeville shooting (1960), the Rivonia trial of Nelson Mandela (1964), the Soweto uprising (1976), the assassination of Steve Biko, countless other tragedies, and the unflinching determination of a people to free itself from an evil yoke. Several churches in South Africa denounced apartheid more and more openly, led by Archbishop Tutu, Rev. Boesak, and many others. Key documents were the Belhar Confession, the Kairos document and Evangelical Witness in South Africa. The South African Council of Churches played a major role. In 1991 Mandela was released from prison; on 27 April 1994 in the*

*first free and democratic elections of South Africa he was elected president. The current membership of the Council of Churches includes the Catholic Church, the Apostolic Faith Mission (Pentecostal), and the Dutch Reformed Church. There are many indigenous churches, the largest being the Zion Christian Church, with eight million members. Evangelical and Pentecostal churches are also active. The Evangelical Alliance of SA is affiliated with the WEA.* “

<http://www.oikoumene.org/en/member-churches/africa/south-africa>

Die **politieke bril** is tog duidelik. Die WRK is op rekord dat hulle gestel het dat apartheid op alle vlakke afgebreek moet word. Hulle revisionêre, simplistiese, ongenuanseerde geskiedenis van ons land wys dat hulle alles deur een lens beskou en beoordeel. In daardie lens sal die gedagte van Volkskerk vreemd interpreteer word. Dit is met daardie lens wat die nuwe NHKA-leiding die geskiedenis en die teologie beoordeel. Dit is ‘n arm, een-dimensionele **politieke beeld**. Wie is hier die politieke dier en wat is sy prys?

## NUUSBROKKIES

**Krugersdorp:** Die huisgemeente van Krugersdorp het ‘n inligtingsaand aangebied op 6 Mei 2014. Hulle het groot moeite gedoen om die geleentheid bekend te stel. Advokaat du Plessis, dr en mev Otto was die sprekers. Lidmate en belangstellendes het goed reageer op die voordragte. Dit was veral die nuus dat die KommAKV pas besluit het om twee professore uit die amp te onthef wat lidmate opnuut geskok het.

**Bondsvergadering:**

- Die geloofsbriewe vir die GHG se tweede Bondsvergadering is reeds elektronies aan alle gemeentes versend. Kerkrade moet seker maak dat hulle dit wel ontvang het en by die eersvolgende Kerkraadsvergadering afgevaardigdes nomineer.
- Komiteevoorsitters word herinner aan die vergadering wat **DV Vrydag 16 Mei 2014 om 10:00** 'n aanvang neem. (Koersvas 38 het per abuis die datum as 15 Mei aangedui) Die agenda vir die Bondsvergadering sal daar gefinaliseer word.
- Lidmate wat as waarnemers na die vergadering wil gaan, is welkom om so te maak. U word versoek om u besonderhede aan ds Marais deur te gee sodat die agenda aan u gestuur kan word en daar vir u ruimte geskep kan word.
- Lidmate wat kan help met gratis huisvesting vir afgevaardigdes moet u besonderhede deurstuur na dr Otto.
- Die Susters kom op die tweede dag van die Bondsvergadering byeenkom (DV Maandag 9 Junie 2014). Alle belangstellendes is welkom.

**Inbetalings:** Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in die Bond se bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geormerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff. [tomcases@lantic.net](mailto:tomcases@lantic.net).

**BANKBESONDERHEDE:**

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)  
 ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika  
 Rekeningnommer: **6243 092 3088**  
 Takkode: **250 655**

**Regsake**

Ooreenkomstig die onderneming wat aan almal gegee is om eerlik en openlik te wees ten opsigte van die regsproses,

regskostes en die regsfonds wat in die lewe geroep is, die volgende inligting:

- Gemeentes word daaraan herinner dat beide die gemeente en die vereniging 'n mandaat aan ons regspan moet gee. U word versoek om die mandate op die laatste 16 Mei 2014 in te handig.
- Die regspanne sal eersdaags byeenkom om die saak verder te voer.

**KENNISGEWINGS****Koersvas en Die Skietlood:**

- Laaste kennisgewing: Weens probleme met die internet en die adminbeampte se rekenaar het ons geen rekord van diegene wat 'n gedrukte kopie van (Jaargang 1) Koersvas en Die Skietlood bestel het nie. Dit kos R40 per eksemplaar. U moet asseblief van voor af bestel by [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net).

• **Bybelvasvrae:**

Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: "*Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.*" Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek:

**Die briewe van Johannes.** (1; 2 & 3 Johannes)

**Heidelbergse Kategismus**– Sondag **1 tot 8.**

**Pretoria** se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

**Drukwerk:**

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

[ella@teamworkprinters.com](http://ella@teamworkprinters.com)

**Vir aandag:****Alle GHG dames en Damesverenigings**

U word uitgenooi na ons dames konferensie. Die doel van die byeenkoms is om onderlinge kommunikasie te bewerkstellig en mekaar te ondersteun.

PLEK: Gemeente Theresapark

DATUM: Maandag 9 Junie 2014.

Tyd: 09:00 – 13:00

Uitnodigings, Geloofsbriewe en 'n Sakelys is reeds uitgestuur. Indien u nie een ontvang het nie, kontak Yvette Otto by [zyvetto@gmail.com](mailto:zyvetto@gmail.com) voor Dinsdag 13 Mei 2014.

**Vir aandag:****Alle GHG komitees en voorsitters van komitees**

Alle Kerkrade van Onafhanklike Gemeentes Soos u reeds weet, vind die Bondsvergadering van die Geloofsbond plaas op 8; 9 en 10 Junie 2014 te Gemeente Theresapark. Met dit in gedagte is die volgende sake van uiterste belang:

- Op 16 Mei 2014 om 10:00 te Gemeente Meyerspark vergader alle voorsitters van die onderskeie komitees met die oog op die finalisering van die Agenda vir die Bondsvergadering.

Die sukses van enige vergadering hang af van deeglike voorbereiding. U word daarom vriendelik versoek om stiptelik by bogenoemde reëlins te hou.

**Vir aandag: Kerkrade en Gemeentes,**

Hiermee word u versoek om die datum van die **Bondsvergadering van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes** vir 2014 op u gemeentelike kalender te teken. Die besonderhede is as volg:

PLEK: Gemeente Theresapark

DATUM: 8 tot 10 Junie 2014.

Verdere inligting sal met verloop van tyd gefinaliseer en gekommunikeer word.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING by**

**018 381 1494.**

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) vir opname in die volgende Koersvas.

# PREMIERMYN HERVORMDE KERN

## Buitewyk-Fondsinsameling

### Wen 'n mini-BOERDERY

U staan 'n kans om 'n mini-BOERDERY te wen deur 'n kaartjie te koop vir R100-00. Die opbrengs van die projek is ten bate van Premiermyn Hervormde Gemeente, Cullinan.



Die mini-BOERDERY bestaan uit drie jong Nguni verse en 'n jong Nguni bul.

Die wenner van die mini-BOERDERY mag ook vra dat die vier Nguni beeste op 'n veiling verkoop kan word. Die bedrag wat vir die beeste gekry word is dan ook die kontant bedrag wat die wenner sal kry.



Die trekking sal op 16 November 2014 na die erediens onder toesig van die Ouderlingevergadering geskied, waarna die gelukkige wenner telefonies in kennis gestel sal word.

**Kontak Hans 084 581 2905**